# Nie vandag nie, Sekhametsi!

Storie deur Mabel Mnensa
Illustrasies deur Chantelle en Burgen Thorne

Sekhametsi kan voel dat vandag 'n spesiale dag gaan wees.


Sy soek haar tekkies en sokkies onder haar bed. Sy soek haar kortbroek agter die deur. "'n Avontuur op die dak van ons woonstel sal perfek wees. Miskien kan ek 'n paar skatte vind."

"Nee. Nie vandag nie, Sekhametsi," sê Mamma.

"Jy kan nie vuil word nie. Gaan bad," voeg Pappa by.

Sekhametsi is dikmond. "As tannie Sindi hier was, sou sy saam met my op die dak geklim het om skatte en goud te vind."





Nadat sy haar ontbyt geëet het, sien Sekhametsi hoe haar maats op die onderste verdieping speel. Miskien gaan dit tog 'n spesiale dag wees.

Sy kyk na Mamma en Pappa en glimlag. "Dit is die perfekte dag om *mgusha* te speel. Kan ek gaan speel?"


Mamma skud haar kop. "Nee. Nie vandag nie, Sekhametsi. Jy kan nie vuil word nie. Bly naby my."

Sekhametsi is dikmond. "As tannie Sindi hier was, sou sy my met my maats laat speel het. Ek het gedink vandag gaan spesiaal wees."

Die heerlike reuk van kos wat kook, lei Sekhametsi na die kombuis. Daar is 'n bord stomende vetkoek op die toonbank. Wortels, blaarslaai en tamaties word gekap vir slaai. En is dit 'n koek in die oond? Miskien is vandag tog spesiaal! Sy sluip in en probeer net een vetkoek proe.

Mamma klap haar hand weg: "Nee. Nie vandag nie, Sekhametsi. Ek bêre dit vir later."

Sekhametsi vou haar hande. "As tannie Sindi hier was, sou sy my aan alles laat proe het, selfs aan die deeg."



Sekhametsi draai haarself in haar kombers toe. "Vandag is glad nie spesiaal nie. Dit is so vervelig."

Pappa haal die kombers van haar kop af: "Nee. Nie vandag nie, Sekhametsi. Kom, ek wil hê jy moet saam met ons na die stasie toe gaan."

Sekhametsi staan vies op. "As tannie Sindi hier was, sou sy my in die bed laat bly het en vir my 'n storie of twee vertel het."



Mamma, Pappa en Sekhametsi stap na Park-stasie toe. Sekhametsi is dikmond en daarom sien sy nie die reënboog in die verte nie en hoor ook nie hoe die groep op die hoek haar gunstelingliedjie sing nie. Sy wil eerder by die huis wees, op die dak of by haar maats.

"Dit is die slegste dag wat daar nog ooit was," sê sy.

"Nee. Nie vandag nie, Sekhametsi. Kyk!" sê Mamma en Pappa tegelyk. "Verrassing!"

Sekhametsi kyk op en sien dat 'n baie spesiale persoon na hulle toe aangestap kom.

"Tannie Sindi!" skree sy en hardloop na haar gunstelingtannie toe.

Tannie Sindi tel Sekhametsi in haar arms op. "Ek kan nie wag om saam met jou op die dak te klim om op reënboë te ry nie. Of om te gaan touspring nie. Of miskien eet ons vetkoek en vertel stories?"

"Ja! Gelukkige verjaarsdag, tannie Sindi! Ek het geweet vandag is 'n spesiale dag."

"Nee. Nie vandag nie, Sekhametsi. "

Sekhametsi vou haar arms en frons vir haar ouers.

"Vandag is 'n *eksieperfeksie* spesiale dag!" lag Mamma en Pappa.



Nal'ibali-pret

# Nie vandag nie, Sekhametsi!

Storie deur Mabel Mnensa • Illustrasies deur Chantelle en Burgen Thorne

## Idees om oor te gesels

Wat sal 'n dag vir jou "eksieperfeksie spesiaal" maak?

Watter opwindende oomblikke of avonture het jy onlangs beleef? Wat het daardie oomblikke spesiaal gemaak?

## Visueel

Teken 'n prentjie van jou en die "baie spesiale persoon" in jou lewe.

## Lees

Word 'n woordspeurder! Kyk mooi na die storie. Kan jy die volgende vind:

- sewe dinge wat jy kan eet
- drie dinge wat jy kan aantrek
- die naam van 'n speletjie
- iets wat jy dalk op 'n reënerige dag sal sien

## Skryf

Skryf 'n boodskap aan 'n baie spesiale persoon in jou lewe en vertel vir hulle hoekom hulle vir jou so spesiaal is.

## Handwerk

Maak 'n raam vir die prentjie wat jy geteken het. Plak jou prentjie op 'n vel karton wat groter is as die prentjie. Trek 'n lyn om die rand van jou prentjie. Versier die raam.

## Speel toneel

Voer al die dinge op wat Sekhametsi haar voorstel sy saam met haar tante doen terwyl jy of iemand anders daardie dele van die storie hardop lees.